NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2020

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1

"Te boom om te boek" deur Dory Farr (Teks 1 in die Addendum)

1.1 Die openingsin is 'n retoriese vraag wat die leser oproep tot nadenke oor die onderwerp: indien lesers werklik gevra word, hoe sou hulle die vraag beantwoord? Dit klink ook of die skrywer raad vra by die lesers.

[Gee twee punte vir twee antwoorde, of vir een goed uitgewerkte antwoord. Die eerste sin in die voorgestelde antwoord is op sigself twee punte werd.]

1.2 1.2.1 Dit dui die lettergreep- of sillabegrens tussen die letter **a** en die letter **i** aan. [Enige formulering wat hierdie feit stel, selfs al gebruik dit nie die terminologie nie, verdien die punt.]

1.2.2 Opperman se teks bestaan uit diskrete, losstaande gedeeltes, maar hulle word in een teks saamgesnoer om 'n beeld te gee van interessante bome op die aarde.

1.3 Woordkeuse: Dit is ongewoon om 'n sin met "want" te begin; hier plaas die spreker dit aan die begin van 'n paragraaf. Dit dui aan dat die skrywer in paragraaf 3 redes gee vir die stelling in paragraaf 2.

Inhoud: In paragraaf 2 stel die skrywer die insig dat bome deel is van mense se lewens. In paragraaf 3 word spesifieke voorbeelde gegee van hoe mense bome gebruik.

1.4 "Natuurlik is hulle (die bome se) vrugte baie waardevol vir mense."
[Enige ander stelling wat anders geformuleer word en dieselfde inligting sonder beeldspraak oordra, moet bepunt word.]

1.5 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Bome is standvastig (met ander woorde: hulle is nie wisselvallig of onbetroubaar nie, maar sterk – jy kan op hulle reken), duursaam (hulle val nie vinnig en maklik weg nie, maar is lank betrokke) en diensbaar (hulle bied belangrike hulp en ondersteuning aan hulle gemeenskap). Dit is juis omdat mense bome al so lankal gebruik dat hulle hierdie deugde van bome in ander mense se lewens kan raaksien.

[Omdat dit 'n metingskaalvraag is, is dit nie goed genoeg om slegs na al drie deugdes te verwys nie. Dit moet tot 'n eenheid geïntegreer word.]

1.6 Die besef dat woude belangrik is vir die voortbestaan van die mens en dus bewaar behoort te word teen oorbenutting is nie so 'n onlangse insig as wat mense mag dink nie – reeds 150 jaar gelede het mense al die tekens begin sien en ander begin waarsku.

1.7 Watter mense? (een punt) Mense wat bome afsaag of vernietig.

Redes? (twee punte) Hulle sal mense wat hierdie vernietiging probeer voorkom, bes moontlik beskryf as idealisties, anti-ontwikkeling, reaksionêr, moedswillig en onredelik. Sodoende verloor die aktiviste die simpatie van die burgerlike samelewing en laat mense toe dat hulle in hegtenis geneem word. Dan kan die oorbenutting van bome probleemloos voortgaan, sodat die betrokkenes daaruit ryk kan word.

1.8
- Die "hoop" is duidelik nie vir die mensdom nie – hulle sal uitsterf voordat hulle daarin slaag om alle bome te vernietig. Ons sal dus nie deel in hierdie sukses van bome nie. Die ellips laat die gedagte by die leser insink: sommige mense werk so hard daaraan om bome te vernietig, maar dit is moeilik om die natuur te oorwin.

OF

- Die hoofletters verskaf aan die rede vir die afsaag van die boom 'n verhewe status: as dit belangrik genoeg is om met hoofletters geskryf te word, kan 'n mens nie daarmee argumenteer nie. Dit plaas die Rede hoog op die rangorde van belange, bokant dié van mense wat die boom wil behou.

1.9 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit in:
Die boom bly leef ten spyte van die poging om dit dood te maak deur dit af te kap. Uit die oorblyfsels spruit nuwe lewe. Net so groei Francie ten spyte van haar arm omstandighede: sy kan 'n beter lewe ontwikkel wat haar toelaat om uit die arm Brooklyn weg te trek, wat haar lewenskragtigheid beklemtoon.

1.10 Dit is letterkunde wat ekologiese kwessies as belangrike tema het.

1.11 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Bome verskaf letterlike skaduwee, wat mense beskerm teen oorverhitting en skadelike blootstelling aan die son. Wanneer 'n mens figuurlik in iets of iemand se skaduwee staan, is daardie persoon of voorwerp belangriker as die mens; die mens moet dus met die nodige nederigheid die boom se beskerming aanvaar.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 2

Rubriek deur Piet Matipa, "Verloor só gewig!" (Teks 2 in die Addendum)

2.1 Trauma word dikwels geassosieer met gewigsverlies, maar dit is nie 'n aangename ervaring nie: enigiets wat **traumaties** is, is gewoonlik ook nie **lekker** (aangenaam of plesierig) nie. Die oksimoron ondersteun die skrywer se tong-in-die-kies toon; dit is duidelik dat die belofte humoristies is en nie bedoel is om geloofwaardig te wees nie.

2.2 Die ingewikkelde en emosioneel uitmergelende proses wat die skrywer in paragraaf 3 beskryf (ouers vra, die beplan van 'n perfekte geleentheid om die jawoord te vra, ens.) is so ingrypend dat dit kwalik die moeite werd is om net "'n kilogram of twee" te verloor. 'n Mens sal hopelik veel meer gewig afskud!

Alternatief: as 'n mens slegs van die laaste een of twee hardnekkige kilogramme ontslae WIL raak, dan kan hierdie proses presies daardie doelwit verwesenlik, wat dan sukses en tevredenheid waarborg.

2.3 Hoe? (twee punte) Daar is drie sinne wat met die woorde "Jy moet ..." begin (en nog 'n sin wat met "Jy ..." begin). 'n Lys van take word aangebied; die gebiedende toon van "Jy moet ..." beklemtoon die dwang waaronder 'n mens verkeer.

Effek op leser (een punt): Dit laat die leser besef hoe hard die bruid moet werk vir die geleentheid.

2.4 2.4.1 Mense van wie jy net-net hou, moet (deur jou) ingekatrol word.

2.4.2 Eie antwoorde.
Die bedrywende vorm plaas die klem op die werk van die bruid./Dit is minder lomp.

OF

Die lydende vorm laat die proses na soveel meer lyding en moeite klink.

Die handeling (die betrek van mense) word voorop gestel.

2.4.3 Jy moet mense dwing om te doen wat jy wil hê, selfs al is dit teen hulle wil.

2.5 Ja, want die verantwoordelikheid lê nie op hom nie – daar word nie groot verwagtinge van hom geëis nie – hy moet maar net opdaag en doen wat hy gesê word om te doen.

Nee, want hy is ook betrokke by die dag en wil hopelik 'n meer geïntegreerde rol speel as dié van byspeler. Benewens sy emosionele betrokkenheid by die dag betaal hy ook sekere dele van die koste; hy wil dus die nodige erkenning hê vir sy belegging in die dag./In ons tyd waarin geslagsgelykheid bevorder word, is die bruidegom geregtig op 'n ewe belangrike rol in die beplanning van die troue.

2.6 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die taakverdeling in die proses om getroud te kom is streng verdeel volgens die geslagte en dui selfs aan dat lede van die twee geslagte op verskillende tye gewig sal verloor (volgens die skrywer se voorstel).

Die stelling dat elke vrou "baie kere verloof" moet raak, kom oneties voor: is vroue veronderstel om sulke belangrike verhoudings aan te gaan en dit dan te verbreek, bloot ter wille van gewigsverlies?

Matipa se benadering is egter glad nie ernstig nie, en daarom behoort hy nie van hierdie mistastings beskuldig te word nie.

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Baie swak
10	8	6½	5	3
9	7½	6	4½	2
8½	7	5½	4	1

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

Uitstekend: Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle suksesvol relevante inligting uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

Goed: Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies**. Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

Gemiddeld: Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie**. Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van vol sinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

Ondergemiddeld: Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

Baie swak: Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

2020-opdrag: Die geskepte teks moet twee paragrawe wees waarin voor- en nadele omtrent tabletgebruik in klasse **vanuit die perspektief van leerders** opgesom word. Die gebruik van die woorde Voordele en Nadele word in die instruksies aangedui – dit behoort die kandidate se aandag te fokus wanneer hulle die teks deurwerk. Taalgebruik behoort redelik formeel te wees ter wille van die vergadering met raadslede en onderwysers waarvoor die geskepte teks gebruik gaan word.

Die volgende feite kom in die teks voor:

Voordele

- Die Departement van Basiese Onderwys werk reeds hard agter die skerms om dit te laat realiseer.
- Veel minder papier vir fotokopiëring word gebruik.
- Onderwysers raak opnuut betrokke by die skepping van vakinhoud.
- Leerders van Hoërskool Wolwefontein praat entoesiasties oor tablette.
- Sara* hou van haar ligter tas.
- Die interaktiwiteit: klankgrepe en video's maak vir haar die inhoud interessanter as die tradisionele teks.
- Sy maak ook haar eie aantekeninge en vra vrae, en deel alles met haar klasmaats en die onderwyser.
- So leer hulle by mekaar.
- Die ma is bly haar dogter is so positief oor e-handboeke.
- Sy hou daarvan dat handboeke gedurig opgedateer word met nuwe inligting: "Dit hou die kinders geïnteresseerd."

Nadele

- Ander hoofde sê dat hulle skole nog nie eers lopende water en elektrisiteit het nie, laat staan nog riolering – dit is waar hulle fokus lê.
- Bernard* sê egter dat al die visuele aspekte hom pla.
- Lourens sê hulle moet mooi beplan om hulle toestelle te laai. Almal kan nie by die skool laai nie: daar is te min kragpunte daarvoor.
- Die toestelle is darem peperduur. Versekering en instandhouding is moeilik.
- Onderwysers moet reg opgelei wees om die moontlikhede van die tegnologie optimaal te kan ontsluit.

Belangrik: 'n kandidaat hoef nie AL hierdie feite te gebruik nie, maar behoort die inhoud tot hierdie feite te beperk.

Voorbeeldantwoord:

Voordele:
Leerders kan e-handboeke maklik gebruik en vind dit interessanter as gedrukte handboeke. E-boeke kan vinniger opgedateer word. Onderwysers laai self video's en klankgrepe op, wat leerders positiewer oor skoolwerk maak. Almal leer by mekaar deur aantekeninge en vrae te deel. Skooltasse is ligter en minder papier word verbruik.

Nadele:
Tablette is duur en kan maklik breek. Leerders moet beplan om batterye te laai weens beurtkrag en te min kragpunte by skole. Sommige leerders vind visuele elemente steurend. Soms weet onderwysers nog nie hoe om tablette se voordele te ontsluit nie.

Woordtelling: 89
Ongeveer 16 feite

Bloomsvlakverdeling vir Vraag 3:

Vlak	1	2	3	4	5	6
Punt	1	2	3	2	1	1

AFDELING B POËSIE

Uiters belangrike riglyn vir die nasiener: Oorweeg by alle vrae in hierdie afdeling alternatiewe antwoorde. Hou in gedagte dat onderwysers die gedigte verskillend aanbied en interpreteer, en dat kandidate ook eie sienings huldig. Indien die kandidaat die gedig op 'n andersoortige manier interpreteer, volg die argument en gee dit die verdiende krediet. Bespreek die interpretasie met die senior subeksaminator en/of die eksaminator indien onsekerheid voorkom.

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

"Ecce homo" deur Wilma Stockenström (Teks 4 in die Addendum)

4.1 Die aanhaling dui op die hoogtepunt van ambisie waarheen die mens reik.

4.2 Die hakies beklemtoon die geringskatting van die relatiwiteitsteorie: nie alleen kan 'n mens dit hande-viervoet uitwerk nie, dit is ook onbelangrik vir die mens en kan dus sommer weer uit die sand gevee word. Die belangrikheid van die teorie word deur die woorde tussen hakies verironiseer.

4.3 Versreël 10 tot 14 handel oor gesofistikeerde aktiwiteite op die gebied van filosofie, godsdiens en die kunste. Versreël 15 en 16 handel oor basiese biologiese behoeftes van die mens.

4.4 Deur middel van die lys in versreël 23, veral die hoogs negatiewe "die sot", is dit duidelik dat "groot" nie hier 'n kompliment is soos dit gewoonlik gebruik word nie. Dit word duidelik as belediging gebruik, 'n sarkastiese opmerking wat die satire van die hele gedig ondersteun.

4.5 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die gedig bevat 'n sterk boodskap: die mens is arrogant weens sy prestasies. Hy behoort veel nederiger met sy eie kennis en aktiwiteite om te gaan en te besef dat regopstaan onnodig is. Die toon van die gedig is byna absurd: ons as mense is so gewoond aan regopstaan en loop, dat ons vergeet dat dit nie altyd so was nie. Die detail van die gedig kom oortuigend voor: die leser kan die spreker se argument deeglik volg en word oortuig deur die premisse.

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

"My meisie se wange is sterkoningappels" deur Boerneef (Teks 5 in die Addendum)

5.1 Metingskaal vir 4 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Boerneef se gedig is humoristies en lighartig; die moontlikheid bestaan dat die meisie die spreker sal vergewe en die verhouding hervat, veral as hy kan uitvind wat die regte ding is om onder die omstandighede te sê.

Die verhouding in Rousseau se gedig is ver in die verlede en die vrou se emosies daaroor is steeds baie kompleks: hoewel ernstige geweld blykbaar deel van die verhouding was, dink die vrou steeds aan daardie man op 'n manier wat verlange suggereer.

Kandidate moet al twee gedigte bespreek en dan 'n keuse ten gunste van een uitspreek.

5.2 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die herhaling van die versreël oor sy ghremmer wat staan; die volkstaal wat gebruik word met sametrekkings soos "nous" (nou is); die geitjie wat die spreker se meisie inlig omtrent sy afdwaling; die verwysing na die belangrike en ernstige skildery van Jeroen Bosch, "Die tuin van aardse luste", as "Jeroen se Lekkertuin"; die woordgebruik, die rym en herhaling werk alles saam om op 'n lighartige wyse oor die einde van 'n verhouding te skryf. Die ironie lê juis hierin: dat die spreker 'n ernstige breuk met die meisie nie ernstig opneem nie. Hy sê wel dat hy "desperaat" is en dit klink asof hy spyt uitspreek, maar die humor in die gedig weerspreek sy apologie op ironiese wyse.

5.3 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Herhaling bind die gedig saam tot 'n eenheid. Dit beklemtoon ook dat sy pogings om die verhouding te herstel, tot dusver vrugteloos is. Die herhaling beklemtoon ook die voorkoms van rym in die gedig: praat, laat, raad, desperaat; later ook: waarde, kwade en aarde.

Die **intertekstuele verwysing** na Jeroen Bosch se belangrike en komplekse skildery maak die spreker se afdwaling betekenisvol: hy het hom vergryp aan aardse luste, wat Bosch uitbeeld, en derhalwe het sy meisie hom afgesê. Die verwysing verdiep die redelik banale gegewe tot 'n meer universele verskynsel: betroubaarheid en getrouheid is belangrike eienskappe wat geliefdes van mekaar kan verwag; wanneer die een oortree, is dit verstaanbaar dat die ander een daaroor ongelukkig is.

Ander verwysings wat bespreek kan word:

- die "Sewe Dae" (versreël 11): In die Bybel dui die getal 7 perfeksie aan; die Sewe Dae kan 'n tyd uitdruk wat die spreker as perfek beskou, maar dit veroorsaak vir hom probleme. Daar is spesifieke verwysings na sewe dae in die Bybel, soos die Skeppingsverhaal in Genesis 1.
- die uitdrukking "van Pontius na Pilatus" (versreël 16) verwys na die Bybelverhaal toe Christus van die een regter na die ander gestuur is voordat Hy tot kruisiging veroordeel is. Dit is te betwyfel of Boerneef se spreker sy swaarkry met Christus s'n vergelyk; hier dui die uitdrukking op die hoeveelheid mense wat hy raadpleeg om hom uit sy dilemma te bevry.

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

"Jan" deur Ina Rousseau (Teks 6 in die Addendum)

6.1 Metingskaal vir 4 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Boerneef se gedig is humoristies en lighartig; die moontlikheid bestaan dat die meisie die spreker sal vergewe en die verhouding hervat, veral as hy kan uitvind wat die regte ding is om onder die omstandighede te sê.

Die verhouding in Rousseau se gedig is ver in die verlede en die vrou se emosies daaroor is steeds baie kompleks: hoewel ernstige geweld blykbaar deel van die verhouding was, dink die vrou steeds aan daardie man op 'n manier wat verlange suggereer.

Kandidate moet al twee gedigte bespreek en dan 'n keuse ten gunste van een uitspreek.

6.2 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die gebruik van lang vokale, soos die aa-vokaal in versreël 12 tot 14 beklemtoon hoe sy deeglik terugdink aan Jan, hoe sy hom in detail onthou, ook negatiewe dinge. Maar dat sy so nadenkend is, suggereer dat sy na iets terugverlang. Daar is 'n mate van gemis, en dit dra by tot die melancholie wat uit die woorde en klanke spreek.
Die tema van die gedig behoort duidelik gestel te word – daar is verskillende maniere om dit te verwoord, soos verlange, verlange na iets wat eintlik sleg is vir jou, liefde wat nie roes nie, ensovoorts.

6.3 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Hieronder word twee voorbeelde (die herhaling van die woord "baie" en die beklemtoning van die naam "Jan") bespreek. Baie ander moontlikhede bestaan ook en moet oorweeg word.

- Die vokaalklank van die woord "baie" sluit aan by die ander gebruike van die a-vokaal in hierdie deel van die gedig. Dit ondersteun die melancholiese atmosfeer. Die stadige tempo waarteen sy haar hare kam, beklemtoon dat sy nie daarop fokus nie: haar aandag is by haar herinneringe. Die woord "herinneringe" word drie maal met die woord "baie" beskryf, wat toon dat sy baie dinge het om te onthou, dat sy haar baie tyd toelaat om hierdie dinge te onthou, juis ook omdat die herinneringe opgebou is oor "baie jare" – dit is nie duidelik of haar verhouding met Jan "baie jare" geduur het en of sy al baie jare gehad het om na hom te verlang nie, maar albei moontlikhede ondersteun haar terugverlang. Daar word gesê dat mense dikwels die slegte dinge vergeet en net die mooi dinge onthou; hoewel die gedig ons aandag vestig op Jan se oënskynlike gewelddadigheid, lyk dit tog hier asof sy dit in 'n soort romantiese manier onthou, gekoppel aan die sonsondergang.
- Die naam is die titel van die gedig. Dit word in versreël 4 weer gebruik as die laaste woord van 'n sin, maar die eerste woord van die reël, wat sterk klem dra. Dan verskyn dit weer as versreël 19: hier is dit weer die laaste woord van 'n sin, en weer word dit op 'n nuwe reël geplaas, maar hier is dit ook die eerste woord van 'n nuwe strofe, en dit is die enigste woord in die strofe, en die sin eindig nie met 'n punt nie, maar met 'n aandagstreep – die naam word dus sterk beklemtoon, wat verseker dat die leser weet hoe belangrik Jan vir die naamlose vrou in die gedig was.

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

"Kremetartboom" deur T.T. Cloete (Teks 7 in die Addendum)

7.1 Die kremetartboom hou hom nie op met beuselagtighede nie: hy staan verhewe bo mindere lewensvorme wat hom probeer beskadig of benut op 'n minderwaardige manier.

7.2 Mense wat die boom beskadig met hul graffiti word as "harteloses" beskryf; ironies genoeg sny hulle harte in die bas uit om hul liefde vir ander mense te betoon. Hulle is egter nie lief genoeg vir die natuur om die boom onbeskadig te laat nie.

7.3 "**Allerboomste**" (versreël 18) kom voor in die soveelste herhaling van die woorde "die kremetartboom is 'n boom" – hierdie nuwe byvoeglike naamwoord in die oortreffende trap beskryf die kremetart as die boom wat die beste voldoen aan die vereistes van 'n boom; dit verteenwoordig die ware essensie van 'n boom.
"**raker**" (versreël 21) in die woorde "mens sien hom as hy oud is raker raak" is 'n ongewone vergrotende trap, omdat "raak", hier deel van die werkwoord "raaksien", nie werklik met trappe van vergelyking uitgebrei kan word nie. Die implikasie is dat mense ouer bome deegliker raaksien, deels omdat hulle groter en imposanter as jong bome is.
"**bomelik**" ("so enig bomelik soos hy") (versreël 24) sluit aan by "allerboomste": dit gaan hier oor die wesensaard van 'n boom, en die kremetart vertoon hierdie aard beter as enige ander boom.

7.4 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die gedig beweeg van die raaksien van die kremetart as 'n belangrike en interessante eksemplaar van boom as 'n generiese beskrywing, deur die opwinding van die insig dat dit die "allerboomste boom" is, met ander woorde die toppunt van die raakvat van die aard van 'n boom, tot die identifikasie met die boom in die slotreël wanneer die spreker die kremetart as besitting opeis: natuurlik kan hy nie sommer die kremetart soos enige besitting saamvat en manipuleer nie, maar die kremetart word die boomagtige uitdrukking van die spreker se wese en identiteit.

7.5 Metingskaal vir 2 punte
Eie antwoorde. Voorbeeldantwoorde:
Ja, daar is 'n ooreenkoms: Die olifante beskadig die boom in strofe 1; die GrootVoet in strofe 4 kan ook die boom beskadig – volgens die beskrywing kan dit die boom se einde beteken. Die GrootVoet is dus (soos) 'n olifant wat die boom finaal van die gras af maak.
Nee, daar is nie 'n ooreenkoms nie: Die olifante is werklike diere wat die boom beskadig. Die GrootVoet in strofe 4 verwys na God die Skepper: die hooflettergebruik (veral die ongewone hoofletter in die middel van 'n woord) laat 'n mens dit besef. God beskik oor die natuur en kan die boom vernietig, terwyl die ander diere (selfs die olifante) dit nie kan vermag nie.
[**Kandidate kan JA of NEE argumenteer**, solank die motivering oortuig en skakel met die beskrywings in die gedig.]

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8 ADVERTENSIE

Advertensie van Media24 (Teks 8 in die Addendum)

8.1 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die hande behoort duidelik aan 'n man: die gesuggereerde krag en soliditeit van die hande, saam met die klere ('n hemp se mouboordjies en die punte van baadjiemoue) pas by 'n man. Dit is natuurlik deel van die stereotipering, dat 'n mens so maklik en definitief hierdie afleiding maak. Hierdie stereotipe sluit in dat die man die broodwinner vir sy gesin is – hoewel hy dus vir hulle sorg, is hy nie noodwendig direk betrokke nie en dra hy dalk nie by tot emosionele koestering nie. Die hande in die foto is egter vol grond wat stewig en beskermend vasgehou word sodat die jong boompie veilig is. Daar is 'n ingewikkelde wisselwerking tussen die idee van 'n man as beskermer en voorsiener en die idee van koestering, ook op emosionele vlak, wat in hierdie foto gesuggereer word.

Dit is moontlik dat die kandidaat die hande as vroulik kan beskou, en dan 'n kontras met die "manlike" klere uitwys. Die vrou dra dalk manlike klere sodat sy nie slegs kan koester nie, maar ook kan beskerm en voorsien.

8.2 Mense wat bereid is om heelwat advertensieteks te lees, want daar is meer teks om te lees as in die meeste ander advertensies; mense wat van woordeboekinskrywings hou, omdat byna al die inligting in die advertensie in hierdie formaat aangebied word.

[Oorweeg alle antwoorde soos dit geformuleer word en gee krediet waar nodig.]

8.3 Al die voorbeelde handel oor die AHI – werklike woordeboeke gebruik 'n verskeidenheid kontekste vir hul voorbeeldsinne.

8.4 Een van die volgende:

Spelfout	**Korreksie**
omvant	omvang
werkgewer-organisasies	werkgewerorganisasies
on danks	ondanks

8.5 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
Die woordeboekteks gebruik dikwels die idee van ekonomiese groei deur die AHI (Afrikaanse Handelsinstituut) en Media24 as voorbeelde te gebruik. Hierdie idee van groei word letterlik uitgebeeld deur die jong boompie wat koesterend vasgehou word deur die twee hande. Die adverteerder wil die idee van groei by lesers vestig en hulle inlig oor die positiewe groeipotensiaal in die geadverteerde maatskappy, Media24.

VRAAG 9 SPOTPRENT

Spotprent deur Zapiro (Teks 9A in die Addendum)

9.1 Die manier waarop hy sy oë na mekaar toe draai en sy mond trek, suggereer wreedheid en selfs waansin, wat die doelbewuste vernietiging van die Amasone onderlê. Sy wenkbroue laat hom duiwels voorkom. Die manier waarop hy sy voete redelik wyd uit mekaar plant en sy bene effens buig, spreek ook van intensiteit en vasberadenheid. Hy is dus nie skaam daaroor dat hy op hierdie wyse beskuldig word nie.

9.2 Teenoor Bolsonaro se intensiteit en fokus op sy taak kom Trump ontspanne voor. Hy leun teen Bolsonaro en neem 'n selfie, asof hy 'n toeris is wat homself en sy medereisiger afneem. Die liggaamlike nabyheid suggereer 'n gemaklikheid tussen die twee presidente: Bolsonaro se aksie ontstel Trump nie; trouens, sy ontspanne voorkoms stel voor dat hy Bolsonaro ondersteun.
[Kandidate MOET albei figure bespreek en 'n duidelike stelling oor hulle verhouding uitspreek.]

9.3 Die figuur beleef pyn, vrees, ongeloof en skok. Die manier waarop die wydoopgerekte oë en mond geteken word, asook die hande aan weerskante van die kop, beklemtoon hierdie emosies.

9.4 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud sluit onder meer in:
9B: die boomstomp as horlosie
Die dooie boomstomp se krake lyk asof dit horlosiewysers is. Dit skakel met die spotprent omdat dit poog om ons te laat verstaan dat daar min tyd oor is om die oorblywende woude te red uit die hande van mense wat nie op langtermynwaarde en volhoubaarheid ingestel is nie. Wanneer dit te laat is, sal alles so dood wees soos die stomp in foto 9B, met rampspoedige gevolge vir alle lewe op aarde.

Indien die kandidaat nie die visuele verwysing na 'n wyserhorlosie insien nie, maar die foto op 'n ander manier interpreteer, behoort 'n oortuigende antwoord steeds bepunt te word. 'n Ander interpretasie is dat bome van die middel af doodgaan of vrot word, en dat regerings se dodelike en korrupte beleid ook vanuit die kern dood veroorsaak op praktiese en etiese vlak. Sommige kandidate kan dalk die krake in die hout as 'n soort skrif beskou en argumenteer dat die skrif aan die muur is. Gee sulke kandidate volle krediet.

9C: die woud as longe
Omdat bome koolsuurgas uit die lug haal en suurstof vrystel, word groot woude dikwels as longe van die aarde beskou. In foto 9C word getoon hoe mense die longe beskadig deur ontbossing. Indien dit nie gestuit word nie, indien ontbossing perkeloos voortgaan, sal die atmosfeer nie langer leefbaar wees nie. Die manier waarop Bolsonaro die Amasone-oerwoud afbrand in die spotprent, sluit hierby aan: vernietiging van die woude lewer sekerlik korttermynwaarde op, maar op die langtermyn is die skade aan alle lewe op aarde onvoorstelbaar en onherstelbaar.

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2020

METINGSKAAL

Hierdie metingskaal word gebruik om die volgende vrae na te sien: 1.5, 1.9, 1.11, 2.6, 4.5, 5/6.1, 5/6.2, 5/6.3, 7.4, 7.5, 8.1, 8.5, 9.4.

VLAK EN BESKRYWINGS	4 PUNTE	3 PUNTE	2 PUNTE
Die uitstekende/baie goeie respons • Is volledig/gedetailleerd met spesifieke verwysing na die gegewe teks en opdrag; • Maak insigryke/spesifieke konneksies tussen die opdrag en die teks; • Integreer alle elemente, toon 'n duidelike begrip van hoe dele bydra tot 'n groter geheel; • Maak gebruik van gesofistikeerde taalgebruik.	3½–4	3	2
Die redelike respons • Maak redelike verwysing na die gegewe teks en die opdrag; • Maak konneksies tussen die opdrag en die teks; • Gee 'n bewys/bewyse dat die konteks begryp word; • Toon 'n gedeeltelike begrip van die samehangende geheel; • Maak gebruik van redelik goeie taalgebruik.	2–3	2	2
Die onvolledige respons • Verwys na die teks en/of opdrag in die algemeen; • Is soms onakkuraat en oorvereenvoudig; • Demonstreer konkrete denke en 'n onvolledige begrip van die elemente; • Maak gebruik van swak taalgebruik wat steurend word.	1–1½	1	½
Die onvoldoende respons • Verwys glad nie na die teks en/of die opdrag nie; • Beantwoord nie werklik die vraag nie weens 'n gebrek aan begrip; • Maak gebruik van ontoereikende taalgebruik; • Of verskaf geen poging om die vraag te beantwoord nie.	0–½	0	0

Die nasiener mag 'n halfpunt meer of minder gee as wat die matriks toelaat om taalgebruik wat beter as die inhoud is, te beloon, of om taalgebruik wat swakker as die inhoud is, te penaliseer.

By elke vraag wat hierbo genoem is, verskaf die nasienriglyne tipiese inhoud wat by die vraag verwag kan word. Die nasiener moet egter die kandidaat se aanbod op eie meriete oorweeg en dit nie bloot meet teen die moontlikhede in die nasienriglyne nie.

IEB Copyright © 2020